13. Gedeelte 3 van Erf 1907, vanaf "Spesiaal" vir opvoedkundige doeleindes of "Residensieel 2" na "Munisipaal (Reservoir)".
14. Gedeelte 4 van Erf 1907, vanaf "Spesiaal" vir opvoedkundige doeleindes of "Residensieel 2" na "Munisipaal".
15. Die Restant van Erf 1908, vanaf "Residensieel 1" en "Openbare Straat" na "Residensieel 3".
16. Gedeelte 1 van Erf 1908, vanaf "Residensieel 1" en "Openbare Straat" na "Openbare Straat".
17. Erf 1909, vanaf "Residensieel 1" en "Residensieel 3" na "Residensieel 3".
18. Erf 1910, vanaf "Residensieel 1" en "Openbare Oopruimte" na "Openbare Oopruimte".

Kaart 3 en skemaklousules van die wysigingskema word deur die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Tak Gemeenskapsontwikkeling te Pretoria, en by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, Muniforum, Bronkhorstspuit, in bewaring gehou en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Bronkhorstspuit-wysigingskema 68.

H. B. SENEKAL,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Muniforum, Posbus 40, Bronkhorstspuit, 1020.

Tel. (01212) 2-0061. Faks. (01212) 2-0641.

8 Junie 1994.

(Kennisgewing No. 13/1994)

2. Part 1 of Erf 1904, from "Residential 1" to "Municipal".
3. Part 2 of Erf 1904, from "Residential 1", "Residential 2" and "Public Street" to "Business 1", subject to the conditions as set out in the Annexure.
4. Part 3 of Erf 1904, from "Residential 1" to "Public Street".
5. The Remainder of Erf 1905, from "Residential 3", "Business 2" and "Public Space" to "Institutions", subject to the conditions as set out in the Annexure.
6. Part 1 of Erf 1905, from "Business 3" to "Public Street".
7. The Remainder of Erf 1906, from "Residential 1", "Residential 2", "Educational", "Public Space" and "Public Street" to "Special" for a place of public religious service, education place, refreshments place and residential uses, subject to the conditions as set out in the Annexure.
8. Part 1 of Erf 1906, from "Residential 1" and "Public Space" to "Public Street".
9. Part 2 of Erf 1906, from "Residential 1" to "Public Street".
10. The Remainder of Erf 1907, from "Special" for educational purposes or "Residential 2" to "Educational", and subject to the conditions as set out in the Annexure.
11. Part 1 of Erf 1907, from "Special" for educational purposes or "Residential 2" to "Public Street".
12. Part 2 of Erf 1907, from "Special" for educational purposes or "Residential 2" to "Special" for a guest-house, refreshment place and residential uses, subject to the conditions as set out in the Annexure.
13. Part 3 of Erf 1907, from "Special" for educational purposes or "Residential 2" to "Municipal (Reservoir)".
14. Part 4 of Erf 1907, from "Special" for educational purposes or "Residential 2" to "Municipal".
15. The Remainder of Erf 1908, from "Residential 1" and "Public Street" to "Residential 3".
16. Part 1 of Erf 1908, from "Residential 1" and "Public Street" to "Public Street".
17. Erf 1909, from "Residential 1" and "Residential 3" to "Residential 3".
18. Erf 1910, from "Residential 1" and "Public Space" to "Public Space".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Community Development Branch at Pretoria, and the Chief Executive/Town Clerk, Muniforum, Bronkhorstspuit, and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment is known as Bronkhorstspuit Amendment Scheme 68.

H. B. SENEKAL,

Chief Executive/Town Clerk.

Muniforum, P.O. Box 40, Bronkhorstspuit, 1020.

Tel. (01212) 2-0061. Fax. (01212) 2-0641.

8 June 1994.

(Notice No. 13/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1887

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

WYSIGING VAN DIE VERORDENINGE INSAKE PLAKKATE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepaling van artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), soos gewysig, dat die Stadsraad van Carletonville die Verordeninge insake Plakkate, afgekondig onder Munisipale Kennisgewing No. 36 van 1988 van 23 Maart 1988, soos gewysig, soos volg verder gewysig het:

1. Deur die woorde "en sluit dit 'n banier in" waar dit in die laaste reël van die woordomskrywing vir "plakkaat" in artikel 1 voorkom te skrap en met die volgende paragraaf te vervang: "Welke sodanige

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1887

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

AMENDMENT OF BY-LAWS RELATING TO POSTERS

Notice is hereby given in terms of section 101 of the Ordinance on Local Government, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), as amended, that the Town Council of Carletonville has further amended the By-laws relating to Posters, as promulgated under Municipal Notice 36/1988 of 23 March 1988, as amended, as follows:

1. By the deletion of the words "and includes a banner" where it appears in the definition of "poster" in section 1 and to replace it with the following paragraph: "where such notice, advertisement or an-

kennisgewing, advertensie of aankondiging nie groter as 900 mm × 600 mm mag wees nie en die aard of struktuur daarvan sodanig is dat dit nie selfstandig opgerig kan word nie maar dat dit noodwendig teen 'n stutstruktuur aangeheg moet word";

2. deur die invoeging van die volgende woordomsrywings in artikel 1:

"*banier*: Enige kennisgewing, advertensie of aankondiging wat by wyse van skrif, letters, syfers of illustrasies op 'n stuk lap, linne of ander vorm van tekstielware aangebring is, met die doel soos vermeld in die woordomskywing vir plakkaat"; en

"*reklamebord of -struktuur*: Enige kennisgewing, advertensie of aankondiging wat by wyse van skrif, letters, syfers of illustrasies op 'n stewige struktuur groter of kleiner as 900 mm × 600 mm aangebring is en welke struktuur van geskikte pale of stutte as 'n deel van sodanige struktuur voorsien is en wat as 'n selfstandige eenheid sonder vashegting aan addisionele stut-materiaal soos bome of pale opgerig kan word";

3. deur oral in die Verordeninge, van artikel 2 tot by artikel 16, waar die woord "plakkaat" of "plakkate" voorkom, die volgende sinsnede, met toepaslike woordverbuiging soos wat op elke gedeelte van toepassing is na die voormelde woord/e in te voeg: "banier/e en/of reklamebord/e en/of -struktuur/e";

4. deur die invoeging van die volgende as subartikel 5 (f):

"5 (f) Die bepalings van subparagraaf 5 (e) (1) tot 5 (e) (3) is *mutatis mutandis* van toepassing op reklamebord/e of -struktuur/e: Met dien verstande dat daar na die oordeel en mening van die Stadsekretaris 'n beperking per persoon per geleentheid op die aantal reklamebord/e of -struktuur/e wat opgerig word, geplaas mag word.";

5. deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die einde van artikel 7 (2) in te voeg:

"Met dien verstande verder dat indien daar na die goedgekeurde van die Stadsekretaris ingevolge paragraaf 5 (f) van hierdie Verordeninge 'n beperking op enige aantal reklameborde of -strukture geplaas is, sodanige beperking gehandhaaf moet word.";

6. deur Bylae 1 tot die Verordeninge soos volg te wysig:

(a) Deur item (3) en (4) onderskeidelik te hernoem na items (5) en (6);

(b) deur die volgende bepalings as items (3) en (4) in te voeg:

"(3) Deposito per reklamebord of -struktuur kleiner as 900 mm × 600 mm, per geleentheid: R30,00.

(4) Deposito per reklamebord of -struktuur met afmetings van 900 mm × 600 mm en groter, per geleentheid: R60,00.";

(c) deur die volgende bepaling as item (7) in te voeg:

"(7) Administrasiegelde ten opsigte van 'n reklamebord of -struktuur kleiner as 900 mm × 600 mm, per geleentheid: R3,00.";

(d) deur die volgende bepaling as item (8) in te voeg:

"(8) Administrasiegelde ten opsigte van 'n reklamebord of -struktuur met afmetings 900 mm × 600 mm en groter, per geleentheid: R6,00.";

C. J. DE BEER, Pr. SK,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantoorgebou, Halitestraat, Posbus 3, Carletonville, 2500.

16 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 24/1994)

nouncement is not to exceed 900 mm × 600 mm and the nature or structure thereof is as such that it cannot be erected independently but must necessarily be attached to a supporting structure";

2. by the addition of the following definitions in section 1:

"*banner*: Any notice, advertisement or announcement which is affixed to cloth, linen or other form of textile by means of writing, letters, digits or illustrations, with the purpose as set out in the definition of posters"; and

"*billboard or advertising structure*: Any notice, advertisement or announcement which is affixed to a solid structure larger or smaller than 900 mm × 600 mm by means of writing, letters, digits or illustrations and the structure is supplied with suitable supporting poles or struts as part of the structure and which be erected independently without the affixing to additional supporting material such as trees or poles";

3. by the addition of the following clause with the necessary declension as applicable on every clause after the addition of the above-mentioned word/s in the By-laws from section 2 to section 16 where the word "Poster" or "Posters" appears: Banner/s and/or billboard/s and/or advertising structure/s";

4. by the addition of the following as subsection 5 (f):

"5 (f) The stipulations of subparagraph 5 (e) (1) to 5 (e) (3) is *mutatis mutandis* applicable on billboard/s or advertising structures: Provided that the number of billboard/s or advertising structure/s which is/are to be erected per person per event may be limited in the discretion of the Town Secretary.";

5. by the addition of the following saving clause at the end of section 7 (2):

"Provided further that, in event of the Town Secretary limiting the number of billboards or advertising structures in terms of paragraph 5 (f) of these By-laws, such restrictions must be adhered to.";

6. by the alteration of Schedule 1 to the By-laws as follows:

(a) By the renumbering of items (3) and (4) to items (5) and (6) respectively;

(b) by the addition of the following items as items (3) and (4):

"(3) Deposit per billboard or advertising structure smaller than 900 mm × 600 mm, per event: R30,00.

(4) Deposit per billboard or advertising structure with dimensions of 900 mm × 600 mm and larger, per event: R60,00.";

(c) by the addition of the following as item (7):

"(7) Administration fees in respect of a billboard or advertising structure smaller than 900 mm × 600 mm, per event: R3,00.";

(d) by the addition of the following as item (8):

"(8) Administration fees in respect of a billboard or advertising structure with dimensions of 900 mm × 600 mm and larger, per event: R6,00.";

C. J. DE BEER, Pr. TC,

Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Office Building, Halite Street, P.O. Box 3, Carletonville, 2500.

16 May 1994.

(Notice No. 24/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1888

STADSRAAD VAN EDENVALE

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stadsraad van Edenvale gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1888

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The Town Council of Edenvale hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 317, Munisipale Kantore, Van Riebeecklaan, Edenvale, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of versoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994 skriftelik en in tweevoud by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 25, Edenvale, 1610, ingedien of gerig word.

P. J. JACOBS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

8 Junie 1994.

(Kennisgewing No. 73/1994)

BYLAE

Naam van dorp: Eden Glen-uitbreiding 52.

Volle naam van aansoeker: Urban Dynamics Inc.

Volle naam van eienaar: Comaco Properties BK.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: "Residensieel 3": 2 (50 eenhede per ha).

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 245 ('n gedeelte van Gedeelte 18) van die plaas Rietfontein 63 IR.

Ligging van voorgestelde dorp: Direk noord van Harmelia-dorpsgebied, aangrensend aan Harrislaan en suidwes van Eden Glen-uitbreiding 21-dorpsgebied.

Verwysing No.: 17/3 EG X52.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1889

STADSRAAD VAN EDENVALE

**KENNISGEWING VAN AANSOEK OM
STIGTING VAN DORP**

Die Stadsraad van Edenvale gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 317, Munisipale Kantore, Van Riebeecklaan, Edenvale, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of versoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994 skriftelik en in tweevoud by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 25, Edenvale, 1610, ingedien of gerig word.

P. J. JACOBS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

8 Junie 1994.

(Kennisgewing No. 74/1994)

BYLAE

Naam van dorp: Eden Glen-uitbreiding 53.

Volle naam van aansoeker: Urban Dynamics Inc.

Volle naam van eienaar: Comaco Properties BK.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: "Residensieel 3": 2 (50 eenhede per ha).

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Resterende Gedeelte 246 ('n gedeelte van Gedeelte 18) van die plaas Rietfontein 63 IR.

Ligging van voorgestelde dorp: Direk noord van Harmelia-dorpsgebied, aangrensend aan Harrislaan en suidwes van Eden Glen-uitbreiding 21-dorpsgebied.

Verwysing No.: 17/3 EG X53.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Room 317, Municipal Offices, Van Riebeeck Avenue, Edenvale, for a period of 28 days from 8 June 1994 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 25, Edenvale, 1610, within a period of 28 days from 8 June 1994.

P. J. JACOBS,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

8 June 1994.

(Notice No. 73/1994)

ANNEXURE

Name of township: Eden Glen Extension 52.

Full name of applicant: Urban Dynamics Inc.

Full name of owner: Comaco Properties CC.

Number of erven in proposed township: "Residential 3": 2 (50 units per ha).

Description of land on which township is to be established: Portion 245 (a portion of Portion 18) of the farm Rietfontein 63 IR.

Situation of proposed township: Directly north of Harmelia Township, adjacent to Harris Avenue and South-West of Eden Glen Extension 21 Township.

Reference No.: 17/3 EG X52.

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1889

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

**NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT
OF TOWNSHIP**

The Town Council of Edenvale hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Room 317, Municipal Offices, Van Riebeeck Avenue, Edenvale, for a period of 28 days from 8 June 1994 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 25, Edenvale, 1610, within a period of 28 days from 8 June 1994.

P. J. JACOBS,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

8 June 1994.

(Notice No. 74/1994)

ANNEXURE

Name of township: Eden Glen Extension 53.

Full name of applicant: Urban Dynamics Inc.

Full name of owner: Comaco Properties CC.

Number of erven in proposed township: "Residential 3": 2 (50 units per ha).

Description of land on which township is to be established: Remaining Extent of Portion 246 (a portion of Portion 18) of the farm Rietfontein 63 IR.

Situation of proposed township: Directly north of Harmelia Township, adjacent to Harris Avenue and South-west of Eden Glen Extension 21 Township.

Reference No.: 17/3 EG X53.

8-15

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1890**DORPSRAAD VAN GRASKOP****WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Graskop, by spesiale besluit, gelde vir die volgende met ingang 1 Januarie 1994 gewysig het:

1. Elektrisiteitsvoorsiening

Die algemene strekking van die wysigings is om voorsiening te maak vir verhoogde tariewe.

Besonderhede van die voorgestelde wysigings lê gedurende kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* ter insae by die Munisipale Kantore, Louis Trichardtlaan, Graskop.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik by die ondergetekende binne 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* doen.

C. C. KUHN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Pobus 18, Graskop, 1270.

Junie 1994.

(Kennisgewing No. 10/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1891**STADSRAAD VAN HEIDELBERG, TVL****VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE HEIDELBERG-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1991****(WYSIGINGSKEMA 8)**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 28 (1) (a), saamgelees met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), soos gewysig, dat die Stadsraad van Heidelberg 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema wat as die Heidelberg-wysigingskema 8 bekend sal staan, opgestel het. Dit is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstel:

Byvoeging van 'n subklousule tot klousule 22 van die Heidelberg-dorpsbeplanningskema, ten einde voorsiening te maak vir:

- (1) die oprigting van 'n losstaande tweede wooneenheid op erwe wat as "Residensieël 1" gesoneer is, onderworpe aan bepaalde voorwaardes;
- (2) die oprigting van "duet wonings" (skakelhuise) op erwe wat as "Residensieël 1" gesoneer is, onderworpe aan bepaalde voorwaardes.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Stadhuis, Heidelberg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant*.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 28 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* by die ondergetekende doen.

G. F. SCHOLTZ,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 201, Heidelberg, 2400.

17 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 18/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1892**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4195**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1890**TOWN COUNCIL OF GRASKOP****AMENDMENT OF CHARGES**

Notice is hereby given in terms of section 80B (3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Graskop has, by special resolution, amended the charges for the following with effect from 1 January 1994:

1. Supply of electricity

The general purport of these amendments is to make provision for the increase in tariffs.

Copies of these amendments are open for inspection at the Municipal Offices, Louis Trichardt Avenue, Graskop, during office hours for a period of 14 days from publication hereof in the *Provincial Gazette*.

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undersigned within fourteen days of publication hereof in the *Provincial Gazette*.

C. C. KUHN,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 18, Graskop, 1270.

June 1994.

(Notice No. 10/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1891**TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG, TVL****PROPOSED AMENDMENT TO THE HEIDELBERG TOWN-PLANNING SCHEME, 1991****(AMENDMENT SCHEME 8)**

Notice is hereby given in terms of section 28 (1) (a), read with section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), as amended, that the Town Council of Heidelberg has prepared a draft town-planning scheme, to be known as Heidelberg Amendment Scheme 8.

This scheme will be an amendment scheme and enacts the following proposal:

Addition of subclause of clause 22 of the Heidelberg Town-planning Scheme, to provide for—

- (1) the erection of a detached second dwelling-unit on erven zoned for "Residential 1" purposes, subject to specific conditions;
- (2) the erection of "duet dwellings" (semi detached dwellings) on erven zoned for "Residential 1" purposes, subject to specific conditions.

Copies of this amendment are open to inspection at the office of the Town Secretary, Town Hall, Heidelberg, for a period of 28 days from date of publication hereof in the *Provincial Gazette*.

Any person who desires to record his objection to the said amendment shall do so in writing to the undermentioned within 28 days after the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

G. F. SCHOLTZ,
Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 201, Heidelberg, 2400.

17 May 1994.

(Notice No. 18/1994)

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1892**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4195**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erven 1049 to

van Erwe 1049 tot 1052, 1054 tot 1058, 1229 en 1259, Marshalls-uitbreiding 1, na "Nywerheid 1" met privaat parkeergarages, winkels, kantore, berging, staats- en munisipale doeleindes: Met dien verstande dat kelder verdiepings vir ander gebruike as parkering gebruik mag word as 'n primêre reg, onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklausules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4195.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

1052, 1054 to 1058, 1229 and 1259, Marshalls Extension 1, to "Industrial 1" with private parking garages, shops, offices, storage, government purposes and municipal purposes: Provided that basements may be used for uses other than parking as a primary right, subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4195.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1893

STADSRAAD VAN JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4358

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanning, 1979, goedgekeur het deur die herosering van Gedeelte 1, Erf 730, Rosetenville, na "Residensieel 4", plus kantore en direk verwante en ondergeskikte gebruike, uitgesonderd banke, bouverenigings, mediese spreekkamers, met die vergunning van die Stadsraad, onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklausules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4358.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1893

CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4358

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Portion 1, Erf 730, Rosetenville, to "Residential 4", plus offices and directly related and ancillary uses, excluding banks, building societies, medical consulting rooms, with consent of the City Council, subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4358.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1894

STADSRAAD VAN JOHANNESBURG

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN TARIWE TEN OPSIGTE VAN GELDE VIR DIE ORDONNANSIE OP DIE VERDELING VAN GROND EN REGULASIES No. 20 VAN 1986

Kennis word hierby ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gegee dat die Stadsraad van Johannesburg met ingang van 1 Julie 1994 sy Vasstelling van Tariewe vir Gelde ten opsigte van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986, en die Verdeling van Grond Regulasies, No. 20 van 1986, gepubliseer kragtens Administrateurskennisgewing No. 859 van 10 Junie 1987 in *Provinsiale Koerant* No. 4919 van 30 Junie 1993, gewysig het deur die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE

Tarief van Gelde

1. Aansoek om verdeling van grond: 1 700."

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1894

CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG

AMENDMENT OF DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF FEES FOR THE DIVISION OF LAND ORDINANCE AND REGULATIONS, No. 20 OF 1986

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Johannesburg has amended its Determination of Charges for Fees in respect of the Division of Land Ordinance, 1986, and the Divisions of Land Regulations, No. 20 of 1986, published under Administrator's Notice No. 859 of 10 June 1987 in *Provincial Gazette* No. 4919 of 30 June 1993, with effect from 1 July 1994 by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE

Tariff of Charges

1. Application for the division of land: 1 700."

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1895**STAD JOHANNESBURG****SLUITING EN VERKOOP VAN ERWE 47 EN 48, INDUSTRIA-WES**

(Kennisgewing ingevolge artikels 68 en 79 (18) (b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939)

Die Raad is voornemens om die park op Erwe 47 en 48, Industria-Wes, permanent te sluit en dit aan die eienaar van Gedeelte 16 van Erf 102, Industria-Wes, te verkoop.

Besonderhede van die Raad se besluit en 'n plan van die parke wat gesluit en verkoop gaan word aantoon, is gedurende kantoorure in Kamer S216, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, ter insae.

Enigeen wat teen die beoogde sluiting of verkoop beswaar wat maak of wat enige eis om vergoeding het indien die sluiting uitgevoer word, moet sodanige beswaar of eis op of voor 8 Julie 1994 by my indien.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Posbus 1049, Johannesburg, 2000.

8 Junie 1994.

(Kennisgewing No. 15/47)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1896**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****WYSIGING VAN VASSTELLING VAN TARIEWE TEN OPSIGTE VAN GELDE VIR DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986**

Kennis word hierby ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gegee dat die Stadsraad van Johannesburg met ingang van 1 Julie 1994 sy Vasstelling van Tariewe vir Gelde ten opsigte van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning, 1986, en die Dorpsbeplanning en Dorpe Regulasies, gepubliseer kragtens Administrateurskennisgewing No. 858 van 10 Junie 1987 in *Provinciale Koerant* No. 4919 van 30 Junie 1993, gewysig het deur die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE**A. Gelde uitgesonderd advertensie- en inspeksiegelde:**

	R
1. Aansoek om wysiging van 'n dorpsbeplanningskema	1 700
2. Aansoek om dorpstigting.....	1 700
3. Artikel 125-aansoek	1 700
Die inkorporering van 'n nuwe dorp in die dorpsbeplanningskema	
4. Aansoek om uitbreiding van grense van 'n dorp.....	1 700
5. Verandering/kansellering van 'n Algemene Plan	1 700
6. Aansoek om—	
(a) Onderverdeling van erf	150
(b) Konsolidasie van erf.....	115
7. Aansoek om die Raad se vergunning ingevolge die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe en die dorpsbeplanningskema.....	230
8. Aansoek om redes vir Raadsbesluit oor 'n ontwerp dorpsbeplanningskema.....	200

B. Advertensie- en inspeksiegelde:

Die volgende gelde moet benewens die gelde in item A hiervan voorgeskryf betaal word:

- Vir kennisgewing van 'n aansoek beoog in item A in die *Provinciale Koerant* en nuusblaai en vir die plasing van kennisgewingsborde op terein:

	R
<i>Provinciale Koerant</i>	265
Plaaslike Koerant	530
Kennisgewingsbord.....	280

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1895**CITY OF JOHANNESBURG****CLOSURE AND SALE OF ERVEN 47 AND 48, INDUSTRIA WEST**

(Notice in terms of sections 68 and 79 (18) (b) of the Local Government Ordinance, 1939)

The Council intends to close permanently the parks on Erven 47 and 48, Industria West, and to sell them to the owner of Portion 16 of Erf 102, Industria West.

Details of the Council's resolution and a plan of the parks to be closed and sold may be inspected during ordinary office hours at Room S216, Second Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Any person who objects to the proposed closing or sale or who will have any claim for compensation if the closing is effected must lodge such objection or claim with me on or before 8 July 1994.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein; P.O. Box 1049, Johannesburg, 2000.

8 June 1994.

(Notice No. 15/47)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1896**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****AMENDMENT OF DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF FEES FOR THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Johannesburg has amended its Determination of Charges for Fees in respect of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, and the Town-planning and Townships Regulations, published under Administrator's Notice No. 858 of 10 June 1987 in *Provincial Gazette* No. 4919 dated 30 June 1993, with effect from 1 July 1994 by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE**A. Fees other than advertising and inspection fees:**

	R
1. Application for amendment of a town-planning scheme	1 700
2. Application for establishment of a township.....	1 700
3. Section 125 application	1 700
Incorporation of a new township into the town-planning scheme	
4. Application for extension of boundaries of a township.....	1 700
5. Alteration/cancellation of a General Plan	1 700
6. Application for—	
(a) Subdivision of erf	150
(b) Consolidation of erf.....	115
7. Application for the Council's consent in terms of the Town-planning and Townships Ordinance and the town-planning scheme	230
8. Application for reasons for Council's decision on a draft town-planning scheme	200

B. Advertising and inspection fees:

The following fees shall be paid in addition to the fees prescribed in item A hereof:

- For notice of an application contemplated in item A in the *Provincial Gazette* and newspapers and for the placing of notice boards on site:

	R
<i>Provincial Gazette</i>	265
Local Newspaper.....	530
Notice Board.....	280

R

2. Vir 'n inspeksie van die eiendom waarop 'n aansoek waarna in item B1 verwys word, betrekking het en die hou van 'n verhoor 500

LET WEL: Gelde soos gelys in item A sluit nie advertensiegelde soos vervat in item B1 in nie."

G. N. PADAYACHEE,
 Stadsklerk.
 Burgersentrum, Braamfontein.

R

2. For an inspection of the property to which an application referred to in item B1 relates and the conduct of a hearing 500

NOTE: Fees as listed in item A do not include advertising fees as per item B1."

G. N. PADAYACHEE,
 Town Clerk.
 Civic Centre, Braamfontein.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1897

STAD JOHANNESBURG

VASSTELLING VAN GELDE INGEVOLGE DIE WET OP NASIONALE BOUREGULASIES EN BOUSTANDAARDE, 1977

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Johannesburgse Stadsraad sy Vasstelling van Gelde ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977, waarvan besonderhede hieronder verskyn, met ingang van 1 Julie 1994 gaan wysig.

Gelde vasgestel ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977

1. Om 'n aansoek te oorweeg wat ingevolge artikel 4 (1) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977, gedoen is, is die bedrae soos volg:
 - (a) R60,00 per 10 m² of gedeelte daarvan vir die eerste 1 000 m² bouwerk.
 - (b) R45,00 per 10 m² of gedeelte daarvan vir die tweede 1 000 m² bouwerk.
 - (c) R43,00 per 10 m² of gedeelte daarvan vir die res groter as 2 000 m² bouwerk.
 - (d) 0,30% van die waarde van die bouwerk vir die verbouings aan bestaande geboue en geboue met 'n spesiale karakter soos fabriekskoorstene, kerktorings en soortgelyke stukture.
 - (e) Die minimum bedrag ten opsigte van enige bouplan is R240,00.
2. Om geringe bouwerk ingevolge artikel 13 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977, te magtig, 'n bedrag van R60,00.
3. Om die gebruik van 'n straat deur 'n persoon wat enige bou- of slopingswerk verrig, ingevolge Regulasie F (1) 4 toe te laat, 'n bedrag van R4,50 per m² vir elke week of gedeelte daarvan.

G. N. PADAYACHEE,
 Stadsklerk.
 Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1898

STAD JOHANNESBURG

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE UITSTEKKE VAN GEBOUE, VERANDAS, BALKONNE, TEKENS EN SYPAADJIELIGTE

Die Stadsklerk publiseer hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge wat hieronder uiteengesit is, wat deur die Raad aangeneem is.

Die Verordeninge betreffende Uitstekke van Geboue, Verandas, Balkonne, Tekens en Sypaadjeligte van die Johannesburgse Munisipaliteit, wat ingevolge Administrateurskennisgewing No. 4081 gedateer 14 November 1990 deur die Raad aangeneem is, word hiermee soos volg gewysig:

Deur die vervanging in seksie 1 van Bylae 1 van die bedrag R195 deur die bedrag R215.

G. N. PADAYACHEE,
 Stadsklerk.
 Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1897

CITY OF JOHANNESBURG

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF THE NATIONAL BUILDING REGULATIONS AND BUILDING STANDARDS ACT, 1977

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the City Council of Johannesburg has amended its Determination of Charges for the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977, particulars of which are set out hereunder, with effect from 1 July 1994.

Charges made in terms of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977

1. To consider an application made in terms of section 4 (1) of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977, the charges shall be as follows:
 - (a) R60,00 per 10 m² or part thereof for the first 1 000 m² of building work.
 - (b) R45,00 per 10 m² or part thereof for the second 1 000 m² of building work.
 - (c) R43,00 per 10 m² or part thereof for the balance greater than 2 000 m² of building work.
 - (d) 0,30% of the value of building work for alterations to existing buildings and buildings of a special character such as factory chimneys, spires and similar erections.
 - (e) The minimum charge in respect of any building plan shall be R240,00.
2. To authorise minor building work in terms of section 13 of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977, a charge of R60,00.
3. To permit the use of a street by a person undertaking any work of erection or demolition in terms of Regulation F (1) 4 a fee of R4,50 per m² for every week or part thereof.

G. N. PADAYACHEE,
 Town Clerk.
 Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1898

CITY OF JOHANNESBURG

AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO PROJECTIONS FROM BUILDINGS, VERANDAHS, BALCONIES, SIGNS AND PAVEMENT LIGHTS

The Town Clerk hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter which have been adopted by the Council.

The By-laws relating to Projections from Buildings, Verandahs, Balconies, Signs and Pavement Lights of the Municipality of Johannesburg, adopted by the Council under Administrator's Notice No. 4081 on 14 November 1990, are hereby amended as follows:

By the substitution in section 1 of Schedule 1 for the figure R195 of the figure R215.

G. N. PADAYACHEE,
 Town Clerk.
 Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1899**STAD JOHANNESBURG****VASSTELLING VAN GELDE: ADVERTENSIE TEKEN-
VERORDENINGE**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Johannesburg sy Vasstelling van Gelde ten opsigte van die Advertensietekenverordeninge met ingang van 1 Julie 1994 soos volg gaan wysig:

Vasstelling van Gelde vir die Advertensietekenverordeninge:

Vir elke aansoek om 'n teken of advertensieskutting wat ingevolge artikel 2 (3) (a) gelees saam met artikel 2 (1) gedoen word: R450.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1900**STAD JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA**

(WYSIGINGSKEMA 4580)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28 (1) (a), gelees saam met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburg se Wysigingskema 4580 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om 'n gedeelte van Boulderlaan wat Erf 3089, Northcliff-uitbreiding 26, aangrens te hersoneer van "Bestaande Openbare Pad" tot "Residensieel 1", onderworpe aan die algemene bepalinge van die Johannesburgse Stadsbeplanningskema, 1979.

Die uitwerking hiervan is om die eienaar van die aangrensende erf in staat te stel om die terrein te koop, notarieel te verbind aan Erf 3089, Northcliff-uitbreiding 26, en aan te wend vir privaat gebruik.

Die ontwerp skema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Departement Stadsbeplanning, Kamer 760, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994 skriftelik by of tot die Direkteur: Stadsbeplanning by die bogenoemde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1901**STAD JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA**

(WYSIGINGSKEMA 4340)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28 (1) (a), gelees saam met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburg se Wysigingskema 4340 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Erf 122, Greenside, te hersoneer van "Voorgestelde Nuwe Paaië en Verbredings" na "Residensieel 1", een woonhuis per erf, Hoogtesone 0.

Die uitwerking hiervan is dat die erf gekonsolideer of notarieel verbind kan word met Erf 123, Greenside, sodat dit as een eenheid gebruik kan word.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1899**CITY OF JOHANNESBURG****DETERMINATION OF CHARGES: ADVERTISING SIGNS
BY-LAWS**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Johannesburg has amended its Determination of Charges for Fees in respect of the Advertising Signs By-laws with effect from 1 July 1994 as follows:

Determination of Charges for the Advertising Signs By-laws:

For each application for a sign or advertising hoarding made in terms of section 2 (3) (a) read with section 2 (1): R450.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1900**CITY OF JOHANNESBURG****NOTICE OF DRAFT SCHEME**

(AMENDMENT SCHEME 4580)

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a), read together with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4580 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone a portion of Boulder Avenue adjoining Erf 3089, Northcliff Extension 26, from "Existing Public Road" tot "Residential 1", subject to the general provisions of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979.

The effect is to allow the site to be purchased by the adjoining owner and to notarially tie it to Erf 3089, Northcliff Extension 26, for private use.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Planning Department, Room 760, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 8 June 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Director: City Planning at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 8 June 1994.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1901**CITY OF JOHANNESBURG****NOTICE OF DRAFT SCHEME**

(AMENDMENT SCHEME 4340)

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a), read together with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4340 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone Erf 122, Greenside, from "Proposed New Roads and Widenings" to "Residential 1", one dwelling per erf, Height Zone 0.

The effect is to enable the side to be consolidated with or notarially tied to Erf 123, Greenside, so as to utilise them as one site.

Die ontwerp-skema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Departement Stadsbeplanning, Kamer 760, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, vir 'n tydperk van 28-dae vanaf 8 Junie 1994.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Junie 1994 skriftelik by of tot die Direkteur: Stadsbeplanning by die bogenoemde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Planning Department, Room 760, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 8 June 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Director: City Planning at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 8 June 1994.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

8-15

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1902

STAD JOHANNESBURG

GELDE BETREFFENDE VOORSIENING VAN INLIGTING AAN DIE PUBLIEK EN ALLERLEI GELDE

Hiermee word ingevolge artikel 80B (1) (b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Raad, by spesiale besluit gedateer 22 April 1994, sy Vastelling van Gelde vir die Voorsiening van Inligting aan die Publiek en Allerlei Gelde verder gewysig het, welke besonderhede in *Provinsiale Koerant* No. 4188 gedateer 3 Februarie 1982, soos gewysig, gepubliseer is.

Die algemene strekking van hierdie besluit is om die gelde te verhoog om 'n groter deel van die werklike koste van die voorsiening van inligting aan die publiek te dek.

Afskrifte van die besluit en besonderhede van die wysiging van die vasstelling is vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die publikasiedatum van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, dit is vanaf 8 Junie 1994, in Kamer S214, Burgersentrum, Braamfontein, ter insae.

Enigeen wat sy beswaar teen die wysiging wil aantekens waarna daar in hierdie kennisgewing verwys word, moet dit skriftelik binne 14 (veertien) dae na die publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* by die ondergenoemde indien.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein; Posbus 1049, Johannesburg, 2000.

8 Junie 1994.

(380/10)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1903

STAD JOHANNESBURG

WYSIGING VAN BUSHALTES: KRUISSTRAAT, TUSSEN PRITCHARD- EN MARKETSTRAAT, EN PRITCHARDSTRAAT, TUSSEN SMAL- EN KRUISSTRAAT

Daar word hierby ingevolge artikel 65(bis) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 19 van 1939, kennis gegee dat die Bestuurskomitee op 22 Maart 1994, ingevolge sy gedelegeerde bevoegdheid, besluit het om die volgende wysigings aan twee bestaande bushaltes aan te bring:

Die beoogde wysigings is soos volg:

- (1) Die bushalte aan die oostekant van Kruisstraat, tussen Pritchard- en Presidentstraat, moet gekanselleer en deur parkeerplek vir die diplomatieke korps vervang word en die JOEDEN-busse moet na die huidige PUTCO-bushalte aan die suidekant van Pritchardstraat, tussen Smal- en Kruisstraat, verskuif word.
- (2) Die huidige bushalte wat deur JOEDEN aan die oostekant van Kruisstraat, suid van Presidentstraat, gebruik word, moet verskuif en deur drie nuwe parkeervakke met meters vervang word.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1902

CITY OF JOHANNESBURG

CHARGES RELATING TO THE SUPPLY OF INFORMATION TO THE PUBLIC AND MISCELLANEOUS CHARGES

It is hereby notified in terms of section 80B (1) (b) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has, by special resolution dated 22 April 1994, further amended its Determination of Charges for the Supply of Information to the Public and Miscellaneous Charges, particulars of which were published in *Provincial Gazette* No. 4188 dated 3 February 1982, as amended.

The general purport of the resolution is to increase the charges to cover a larger portion of the actual costs of providing information to the public.

Copies of the resolution and particulars of the amendment to the determination are open for inspection at Room S214, Civic Centre, Braamfontein, for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. from 8 June 1994.

Any person who desires to record his objection to the amendment referred to in this notice must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein; P.O. Box 1049, Johannesburg, 2000.

8 June 1994.

(380/10)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1903

CITY OF JOHANNESBURG

AMENDMENT TO BUSSTOPS: KRUIS STREET BETWEEN PRITCHARD AND MARKET STREETS, AND PRITCHARD STREET BETWEEN SMAL AND KRUIS STREETS

Notice is hereby given in terms of section 65(bis) of the Local Government Ordinance, No. 19 of 1939, that on 22 March 1994 the Management Committee, acting in terms of its delegated powers, resolved to make the following amendments to two existing bus stops:

The proposed amendments are as follows:

- (1) The bus stop on the eastern side of Kruis Street between Pritchard and President Streets be cancelled and diplomatic corps parking be established and that JOEDEN buses move to the existing PUTCO bus stop on the southern side of Pritchard Street between Smal and Kruis Streets.
- (2) That the existing bus stop currently being used by JOEDEN on the eastern side of Kruis Street, south of President Street, be removed and be replaced by three new metered parking-bays.

- (3) Die parkeersone (27 m lank) wat tans vir die diplomatieke korps beskikbaar is plus die twee bestaande parkeermeters reg suid daarvan aan die oostekant van Kruisstraat, suid van Pritchardstraat, moet opgehef word en in plaas daarvan moet daar 'n bushalte vir PUTCO geskep word.

Die Bestuurskomitee se besluit is tot 28 Junie 1994 gedurende gewone kantoorure ter insae in Kamer S208, Burgersentrum, Braamfontein.

Enigeen wat teen die wysiging van die bushaltes beswaar wil aanteken, moet sodanige besware teen uiters 28 Junie 1994 by ondergetekende indien.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Posbus 1049, Johannesburg, 2000.
8 Junie 1994.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1904

